Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Janine Ontong
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Janine.Ontong@westerncape.gov.za | 021 957 9626

KRITERIA VIR KOMPETISIE

Let wel: Alle plakkate/tekeninge/kortverhale moet vergesel word van 'n voltooide toestemmingsvorm om te bevestig dat dit in die media gepubliseer mag word.

Graad 1 tot 3

Leerderinskrywings moet 'n **plakkaat/tekening** wees wat 'n gunstelingstorie uitbeeld waarna hulle geluister het of wat hulle gelees het.

Kriteria:

- Die plakkaat/tekening moet op 'n A4-bladsy wees.
- Die naam, van, ouderdom en graad van die leerder moet duidelik sigbaar wees op die plakkaat/tekening.
- Dit moet die leerder se eie werk wees.
- Dit moet oorspronklik en kreatief wees.

Riglyne en wenke:

Gebruik jou plakkaat/tekening om ons te vertel van 'n avontuur wat jy in jou skoolbiblioteek kan beleef.

Graad 4 tot 7

Leerders moet 'n **kortverhaal** met die volgende tema skryf: "*In my biblioteek wag 'n avontuur op elke rak!*"

Kriteria:

- Al die kortverhale moet die leerders se eie werk wees.
- Die naam en van, skool se naam, en graad van die leerder moet duidelik sigbaar wees.
- Slegs een kortverhaal per leerder sal toegelaat word.
- Maksimum lengte: Graad 4: 120 tot 140 woorde
  Graad 5: 140 tot 160 woorde
  Graad 6: 160 tot 170 woorde
  Graad 7: 170 tot 200 woorde
- Alle geskrewe inskrywings moet leesbaar wees.

Riglyne en wenke:

- Vertel ons van 'n avontuur wat jy in jou skoolbiblioteek kan beleef.

- Hoe sal skoolbiblioteekhulpbronne jou help om meer avonture in die skoolbiblioteek te beleef?

Riglyne vir die kortverhaal:
- Is die tema in die kortverhaal ingewerk?
- Is die volgorde van gebeure duidelik?
- Het jy taal en beelde suksesvol uitgedruk?
- Het jy grammatika en leestekens korrek gebruik en het jy jou spelling nagegaan?

Graad 8 tot 12

Leerders moet 'n **kortverhaal** met die volgende tema skryf: "*In my biblioteek wag 'n avontuur op elke rak!*"

Kriteria:
- Al die kortverhale moet die leerders se eie werk wees.
- Die naam en van, skool se naam, en graad van die leerder moet duidelik sigbaar wees.
- Slegs een kortverhaal per leerder sal toegelaat word.
- Maksimum lengte: Graad 10: 300 tot 350 woorde
  Graad 11: 350 tot 400 woorde
  Graad 12: 400 tot 450 woorde
- Alle geskrewe inskrywings moet leesbaar wees.

Riglyne en wenke:
- Vertel ons van 'n avontuur wat jy in jou skoolbiblioteek kan beleef.
- Hoe sal skoolbiblioteekhulpbronne jou help om meer avonture in die skoolbiblioteek te beleef?

Riglyne vir die kortverhaal:
- Is die tema in die kortverhaal ingewerk?
- Is die volgorde van gebeure duidelik?
- Het jy taal en beelde suksesvol uitgedruk?
- Het jy grammatika en leestekens korrek gebruik en het jy jou spelling nagegaan?

Spesiale skole

Leerders kan kies om 'n **kortverhaal** met die volgende tema te skryf: "*In my biblioteek wag 'n avontuur op elke rak!*" **OF** 'n **tekening/skildery** van hul gunstelingstorie waarna hulle geluister het of wat hulle gelees het, uit te beeld.

Kriteria:
- Al die kortverhale of tekeninge/skilderye moet die leerders se eie werk wees.
- Die naam en van, skool se naam, en graad van die leerder moet duidelik sigbaar wees.
- Slegs een kortverhaal per leerder sal toegelaat word.
- Die kortverhaal mag hoogstens 150 woorde bevat.
- Die gebruik van kreatiwiteit en verbeelding moet voor die hand liggend wees wanneer die leerder skryf of teken/skilder.

- Ondersteunende tegnologie of oudiovisuele hulpmiddels word toegelaat.
- Opvoeder/assistent word toegelaat om te help.

Riglyne en wenke:

- Vertel ons van 'n avontuur wat jy in jou skoolbiblioteek kan beleef.
- Hoe sal skoolbiblioteekhulpbronne jou help om meer avonture in die skoolbiblioteek te beleef?

Kortverhale in alle kategorieë sal dienooreenkomstig die volgende riglyne beoordeel word:

- Die tema as die algehele intrige.
- Oortuigende storie.
- Spesifieke tydlyn (verlede, hede, toekoms).
- Goeie inleidende paragraaf.
- Jou eie mening oor wat met R30 000 vir die skoolbiblioteek gedoen kan word.
- Interessante einde.
- Volgehoue belangstelling terwyl kortverhaal gelees word (styl en aksie).